RAADSKOERANT

BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za kontak@volksraad.co.za
Tel: 012 803 0712

Nommer 13 Dinsdag 13 Junie 2017

VOLKSBESLUITE

Paardekraal, 3 Junie 2017

Die onderstaande besluite is tydens bogenoemde vergadering deur die aanwesiges goedgekeur:

1. Toekomstige volksraadsverkiesings en referendums mag deur middel van ‘n elektroniese stemstelsel gehou word.

2. Mosies van die volk sal by die teenswoordige en komende terugvoervergaderings van die Volksraad ingewin word.

3. Op grond van die ingewinde mosies sal die mandaat van die volgende Volksraad deur die VVK geformuleer word, met oorsig deur die huidige Volksraad.

4. Die mosies en voorgestelde mandaat sal by volksvergaderings te Bloemfontein en Paardekraal voorgehou word vir goedkeuring.

5. Die huidige Volksraad sal in amp bly totdat ’n nuwe volksraad verkies is.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 13 Junie 2017

MOSIES

Paardekraal, 3 Junie 2017

Die volgende mosies is op die volksvergadering wat op 3 Junie 2017 te Paardekraal gehou is, deur volksgenote gestel. Daar word kennis geneem van die mosies, dog geen besluit is nog daaroor geneem nie (verwys na volksbesluite 2 tot 4 hierbo):

1 Die Volksraad

1.1 verbind hom tot die uitbreiding en ontwikkeling van die huidige volkstaatgroeipunte naamlik Orania en Kleinfontein en onderneem om sy ondersteuners aan te moedig om op elke beskikbare wyse by daardie inisiatiewe betrokke te raak en vestiging ernstig te oorweeg waar moontlik; en om tesame daarmee dan ook die moontlikheid en wenslikheid van nuwe soortgelyke groeipunte te ondersoek waar volksgenote gekonsentreed, met die minimum teenaanspraak, deur middel van volkseie arbeid kan bou aan ‘n selfstandige gemeenskap;

1.2 ondersteun legitieme binneparlementêre pogings wat ten doel het om wetgewing ingevolge artikel 235 van die SA grondwet deur die parlement te voer, wat ‘n wetlike raamwerk sal skep vir alle vryheidsliewende volke binne die RSA wat streef na territoriale selfbeskikking; en

1.3 onderneem om in samewerking met plaaslike beveiligingstrukture sy hulpbronne en kennis beskikbaar te stel vir die afweer van onteieningspogings deur die SA regering en of ander vyandige magte, van eiendom in besit van sy ondersteuners, onderhewig aan die aanbeveling van kundige regs- en militêre adviseurs, na ‘n deeglike evaluering van die situasie op die grond. (Mnr. Tiaan Theron).

2. Ernstige oorweging moet geskenk word aan die gedagte om oor te gaan tot lydelike verset, terreine te identifiseer waar die vinnigste en mees effektiewe resultate bereik kan word, en te beplan aan die wyse van verset asook die datum van oorgang daartoe. Moontlike teenoptrede van owerheidsweë moet ook verdiskonteer word in die beplanning van sodanige aksies. (Ds. Faan Visser).

3. In die lig daarvan dat die Bybel leer dat ons ons gesinne en ons volk moet verdedig, roep ons ons volk op om geestelik en fisies weerbaar te word vir die lae-intensiteit oorlog wat teen ons gevoer word, sowel as vir ‘n moontlike volskaalse aanslag. Verder leer die Bybel dat satan

self agter ons vyande sit, en dat hy 'n goeie strateeg is. Ons moet dus in Jesus bly en nie in eie krag optrek nie. Op sy tyd sal Hy ons oproep. (Mnr. Jann Schlebusch).

4. Daar word voorgestel dat

4.1 strukture wat die Volksraad kan ondersteun, op plaaslike vlak gestig word; en

4.2 'n ondersteunende (uitvoerende) liggaam met 'n sentrale kantoor binne die volk geskep word om die volk se belange tov spesifieke sake te behartig. (Mnr. Johan van der Merwe).

5. Die VVK (bedoel Volksraad?) moet aandag gee aan die stigting van veiligheidstrukture en 'n databasis skep met besonderhede van oud SAW/SAP-lede om opleiding aan volksgenote te verskaf. (Mnr. Douw G. Van den Berg).

6. Daar word voorgestel dat:

6.1 'n verkiesing vir 'n volgende Volksraad gehou moet word;

6.2 'n Volksraad vir 'n termyn van 5 jaar verkies word;

6.3 'n duidelike onderskeid tussen die VVK en die Volksraad gehandhaaf word;

6.4 mnr. Paul Kruger hom as kandidaat vir die Volksraad beskikbaar stel;

6.5 aanlyn registrasie van kiesers en stemming in die verkiesing oorweeg word;

6.6 die stelsel van nominasies vir kandidate vereenvoudig word;

6.7 meer aandag tydens die veldtog gegee word aan bepaalde kwessies wat ons volk raak, soos eiendomsreg, taal, godsdiensregte, onderwys, beveiliging ens.;

6.8 die Volksraad na twaalf of vyftien verkose lede uitgebrei word;

6.9 die Volksraad sy eie voorsitter en ondervoorsitter kies;

6.10 die Volksraad adviseurs met kundigheid oor bepaalde sake benoem om Volksraadsittings met spreekreg, maar nie met stemreg nie, by te woon;

6.11 die Volksraad se mandaat uitgebrei word om as 'n "volksregering" oor terreine wat hom daartoe versoek, op te tree;

6.12 die Volksraad "volkswetgewing" (ordereglemente) skep om die magte en funksionering van die Volksraad, die VVK en ander terreine waar sy politieke gesag aanvaar word, te reël; en

6.13 die Volksraad groter eenstemmigheid in volksgeledere mbt selfbeskikking probeer verkry. (Mnr. P.J. Joubert, namens die HNP).

7. Die Volksraad se mandaat is afgehandel; die herkiesing van 'n Volksraad word nie aanbeveel nie, daar moet nou oorgegaan word na meer drastiese stappe. (Mnr. Danie Heenop).

8. 'n Verkiesing vir 'n volgende Volksraad moet gehou word. (Mnr. Helmut Heyman).

9. Die drie geloftes van 1654, 1838 en 1880 moet samevattend beëdig word voor God Almagtig om bekend te staan as die 2017 Paardekraal Gelofte. (Mnr. Riaan Nel).

10. Die huidige Volksraad moet behou word met 'n uitbreiding van sy mandaat. Daar moet nie weer 'n verkiesing plaasvind nie. (Mnr. Nico Prinsloo).

11. Daar moet besin word oor hoe die Volksraad 'n krygsraad gaan saamstel indien dit benodig word. (Mnr. Edmund Jones).

12. Die Geloftevolk van God moet terugkeer na die Staten-Generaal BIJBEL van 29 Juli 1637 en die daarop volgende uitgawes wat gebaseer is op die oorspronklike uitgawe. (Mnr. Frans Rabie).

13. Daar moet aandag aan opleiding en beplanning gegee word. Die volk word opgeroep om deel te neem aan landswye protesaksies wat die aandag op die vryheidstryd sal vestig. (Mnr. Mario Cockrell, namens die Federasie van Vrye Boere).

14. 'n Teokratiese bestel moet gevolg word in ons strewe na vryheid. (Mnr. Dup du Plessis).

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 13 Junie 2017

VOLKSVERGADERINGS

Die volgende volksvergadering sal D.V. gehou word op Vrydag 16 Junie 2017 om 16:00 by die Tegniese Sentrum van die CVO-skool te Orania.

Die doel van die vergadering is om aan kiesers verslag te doen oor die Volksraad se optrede ter uitvoering van sy mandaat en om voorstelle van volksgenote in te win oor die volgende sake:

- Verkiesing van ‘n nuwe Volksraad; en
- die opdrag (mandaat) van ‘n nuwe Volksraad en die pad vorentoe.

U word uitgenooi om uself te vergewis van die mosies hierbo gepubliseer wat op 3 Junie by Paardekraal voorgelê is en om u eie voorstelle-/mosies by enige van die volksvergaderings voor te dra. Dit kan ook vooraf by die volgende webskakel gepubliseer word:

http://vvk.co.za/Mosies-voorstelle.

Ten einde soveel volksgenote as moontlik in die geleentheid te stel om een van die vergaderings by te woon en u stem te laat hoor, word beplan om soortgelyke vergaderings op die volgende plekke en datums te hou:

Pietersburg: 8 Julie
Vryheid: 15 Julie
George: 22 Julie
Kathu: 29 Julie
Klerksdorp: 5 Augustus

PROGRAM

Die program van die verrigtinge vir elke vergadering is soos volg:

Opening.
Verwelkoming.
Volksraad rapporteer terug aan die volk.
Terugvoer vanaf die VVK.
Voorstelle & mosies van die volk.
Afsluiting.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 13 Junie 2017

VOLKSRAADSKENNISGEWING

Die Volksraad se memorandum aan die internasionale gemeenskap getitel ***Settlement of the Boer-Afrikaner People’s claim to territorial self-determination: Inviting international intervention — Memorandum by the Volksraad to the international community*** deur Paul Kruger kan by die sekretaresse, mev. Chantal Kruger, tel: 012 803 0712 of 079 740 7214, bestel word. Prys: R250,00 plus posgeld.

Die Volksraad beveel sterk aan dat alle volksgenote dié boek bekom en u op hoogte stel met die feite oor die volgende sake soos daarin geboekstaaf:

- die Boere-Afrikanervolk se stryd om vryheid sedert sy ontstaan;
- die Blanke regering se astronomiese besteding vir die opheffing en welsyn van die swart volke in Suid-Afrika;
- die verraderlike en onwettige wyse waarop ons land en volk aan die ANC uitverkoop is; en
- die Volksraad se optrede ter verkryging van selfbeskikking vir die Boere-Afrikanervolk (met volledige dokumentasie as aanhangsels).

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 13 Junie 2017

Die Vaste Fondament

As iemand van julle wysheid kort kom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.
Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos ‘n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.
Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie —
so ‘n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.

Jak. 1:5-8